BETAALSTROKIE:
HANTERING VAN MEER AS EEN LENING OP ‘N SLAG

Die stelsel maak voorsiening vir 'n werker om meer as een lening gelyktydig terug te betaal, en kan 'n maksimum bedrag wat toegelaat word om per maand af te trek, gespesifiseer word.

Ter verduideliking van die proses rondom die verhaling van meer as een lening, die volgende:

1. Met die aanvanklike laai van 'n eerste lening, word 'n maksimum terugbetalings-bedrag (paaiement) gespesifiseer. Sien voorbeeld hieronder:



2. Die lening sal outomaties met die volgende betaalstrokie afgetrek begin word, hetsy die gespesifiseerde bedrag of aantal paaiemente.

3. Waar 'n tweede lening aan 'n werker toegestaan word, sal die gespesifiseerde maksimumbedrag soos op die eerste lening steeds geld. Waar 'n groter gespesifiseerde maksimumbedrag egter aangedui word, sal die eerste lening se gespesifiseerde maksimum dienooreenkomstig verhoog.

4. Die maksimum gespesifiseerde paaiement sal nie oorskry word nie. Dit beteken byvoorbeeld waar 'n maksimum van R250.00 gespesifiseer is en die werker twee lenings met paaiemente van R200.00 en R100.00 het, daar R200.00 ten opsigte van die eerste lening en slegs R50.00 ten opsigte van die tweede lening afgetrek sal word (maksimum R250.00) todat die eerste lening ten volle vereffen is. Na vereffening van die eerste lening, sal die tweede lening se paaiement verhoog word na R100.00.

5. Dieselfde verhalingsproses sal ten opsigte van derde en enige verdere lenings gevolg word.

6. Waar 'n tweede of derde lening as gevolg van die aanvanklike maksimum terugbetalings-bedrag nog nie verhaal kan word nie, sal die volle uitstaande bedrag onder aan die betaalstrokie aangedui word.

7. Waar onderskeid tussen lenings gemaak wil word vir byvoorbeeld vleis, begrafnis, siekte, ensovoorts, moet die rede vir die lening aangedui word en sal die "opmerking" voor aan die lening op die betaalstrokie geskryf word, byvoorbeeld: Vleis, oorspronklik R1000, uitstaande R800.